Open Doors

# GEBEDSKALENDER

## Oktober 2025



"ŉ Pelgrimslied. Ek kyk op na die berge: Waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die Here, wat hemel en aarde gemaak het."
PSALM 121:1-2

# OKTOBER

## SIRIË

**1 Oktober**

Bid saam met Razzouk Al-Akhras, ŉ werker in die Alliansiekerk in Homs. Hy het sy gebed vir die Kerk gedeel terwyl Sirië se nuwe regering aan bewind kom: "Ek bid dat die komende tyd tot eer van die Here sal wees, en dat hierdie regering die Kerk in sy sending sal ondersteun."

**2 Oktober**

Razzouk vra ons om tot God te bid dat verlore mense die Here se glorie sal ervaar en die Kerk versterk sal word. "Ek is hier teenwoordig omdat dit my roeping is. Die Here het my geroep om Sy Naam te verheerlik."

**3 Oktober**

Pastoor Edward Mossa help om ŉ tehuis vir die jeug in Homs te bestuur. Hy hoop dat jy saam met hom sal bid: "Ons bid vir mekaar in alle omstandighede. Ons doen ŉ beroep op jou om vir ons te bid dat hierdie tyd so vreedsaam as moontlik sal wees."

## NOORD-KOREA

**4 Oktober**

ŉ Klein aantal gelowiges het toegang tot Bybels wat in die grond begrawe en in mure versteek is. Bid dat verborge Bybels beskerm, bewaar en gebruik sal word om die Liggaam van Christus op te bou en te bemagtig.

**5 Oktober**

Bid dat Christene wat nie meer toegang tot ŉ Bybel het nie, Skrifgedeeltes wat hulle eens geken het, sal onthou en bemoediging daarin sal vind.

**6 Oktober**

Bid vir gelowiges wat toegang tot gedeeltes van die Bybel het, dat hulle hierdie Skrifgedeeltes kan deel en kan onderskei wanneer en hoe om hul getuienisse te deel en ander te onderrig.


**7 Oktober**

Bid vir dapper Christene wat die Evangelie in die gevaarlikste omstandighede deel. Bid vir vertroosting en geestelike bemoediging vir diegene wat weens hul dapper getuienis gevange geneem is of ly.

**8 Oktober**

Bid vir geleenthede en Goddelike afsprake sodat die boodskap van hoop steeds in Noord-Korea versprei kan word, selfs in die geheim.

*ŉ Noord-Koreaanse Bybel.*



 **Names changed for security reasons.*

## SENTRAAL-ASIË

**9 Oktober**

Bid vandag vir pastoor Pavel Schreider (65) van Kirgisië. Hy staar vyf tot sewe jaar tronkstraf in die gesig. Bid Psalm 91 oor hom en dat die Here Skrifgedeeltes in sy gedagtes sal bring.

**10 Oktober**

Bid vir Yildan* en sy dogter. Die geheime polisie het hom gearresteer en ondervra oor die verspreiding van Christelike literatuur. Die hof het hom met ŉ stewige $625 beboet. Bid vir sy gesin se voorsiening.

**11 Oktober**

Yildan het tydens ondervraging moedig verduidelik dat hy wou hê dat mense van die ware en lewende God moet weet. Nou ervaar sy gesin voortdurende ondersoeke deur die owerhede. Bid vir volharding terwyl hulle onder monitering deurloop.

**12 Oktober**

Bid vir ŉ kerk wat mislei is deur ŉ man wat voorgegee het dat hy in die Christendom belangstel. Hy was egter ŉ spioen. Die polisie het die kerk geplunder en die gemeentelede vir twee dae sonder kos aangehou. Bid vir herstel, aangesien hulle getraumatiseer is.

## VIËTNAM

**13 Oktober**

In die noordelike streek het owerhede 17 Hmong Christen-gesinne verbied om kerk toe te gaan en hulle van hul regeringsvoordele gestroop. Vra God om Sy hand oor hulle te hou en vir hulle te sorg.

**14 Oktober**

Ondanks die ontberings wat hulle in die gesig staar, soek dié 17 Hmong-gesinne steeds maniere om in die geheim te aanbid. Bid dat hul geloof in hierdie moeilike tyd sterk sal bly.

**15 Oktober**

Bid dat God ŉ manier sal skep vir alle Viëtnamese gelowiges om kerkdienste sonder vrees by te woon. *God, wees asseblief altyd naby aan ons susters en broers.*

**16 Oktober**

Prys God vir ŉ plaaslike vennoot se satelliet-

*Viëtnamese gelowiges (gesigte verberg vir sekuriteit).*



Bybelskoolprogram wat mense in landelike gebiede bereik wat dit nie kan bekostig om vir voltydse opleiding te reis nie.

**17 Oktober**

Aan die einde van ŉ satelliet-Bybelskoolprogram ontvang studente ŉ sertifikaat, wat hulle in staat stel om in plaaslike kerke te dien en kerke te plant. Bid dat die tyding hieroor sal versprei.

## ARABIESE SKIEREILAND

**18 Oktober**

ŉ Groep dissipelmakers en hul vriende vra ons om te bid, aangesien Christene in die Arabiese Skiereiland gevra word om hul onderskeie lande te verlaat. Bid vir gelowiges en kerke wat geplant is om hierdie druk te weerstaan.

**19 Oktober**

Bid vir ons broers en susters om in Christus te bly, daagliks te bid en op Sy Woord te steun. Bid dat hulle nie sal swig voor vrees en bekommernisse nie (Fil. 4:6).

**20 Oktober**

Bid vir versagte harte en oop gemoedere by diegene in magsposisies. Vra vir God om aan Sy volgelinge guns by die owerhede te skenk, soos in die Skrif gesien kan word.

**21 Oktober**

Vra vir God dat Sy mense Sy stem sal hoor en Hom sal gehoorsaam. *Vader, ons bid dat U só tevrede met hulle sal wees dat selfs hul vyande hulle goed sal behandel.*

## CHINA

**22 Oktober**

Die senior leier van ŉ huiskerk in Wes-China is deur polisiebeamptes uit sy huis geneem en onregverdig beskuldig. Ons vennoot in die veld deel: “Julle dringende gebede is nodig om die kerk en sy lede wat vir hul geloof ly, te ondersteun.”

**23 Oktober**

Die polisie het ander leiersfigure en personeel van ŉ huiskerk in Wes-China vir ondervraging ontbied. Die kerk het ŉ goeie reputasie regoor China. Bid dat God hierdie kettings sal losmaak.

*ŉ Chinese huiskerk.*



## BANGLADESJ

**24 Oktober**

Bid vandag saam met jou broer, Nahid Babu. Hy is deel van die eerste groepe studente wat gegradueer het van ŉ jeugdissipelskapprogram wat deur Geopende Deure se plaaslike vennote gelei is.

**25 Oktober**

Ná die dissipelskapprogram kan Nahid reageer op die

 **Names changed for security reasons.*

toenemende ondersoeke en vrae van familielede en vriende. Bid vir moed om die Here getrou en sonder vrees te bly dien.

**26 Oktober**

Bid dat God Nahid se droom sal verwesenlik om ŉ biblioteek by sy kerk te stig, waarheen baie mense kan kom om God te leer ken en die Bybel te bestudeer.

## IRAN

**27 Oktober**

Bid saam met Hakob Gochumiyan, ŉ Armeense Christen wat ŉ vonnis van tien jaar in Iran uitdien. Hakob ervaar ernstige mishandeling, insluitende doodsdreigemente. Vra God om in te gryp.

**28 Oktober**

Iran se Hooggeregshof het Hakob se twee appèl-aansoeke vir ŉ herverhoor verwerp. Bid dat geregtigheid sal seëvier, met Iranse owerhede wat hierdie vals skuldigbevinding omkeer en hom onmiddellik vrylaat.

**29 Oktober**

Bid vir wysheid en moed vir Hakob se regsadvokate en dat deure internasionaal sal oopgaan om aandag op sy saak te vestig. *God, ons tree in vir ons broer, Hakob, en vra U om in te gryp in hierdie moeilike situasie.*

**30 Oktober**

Bid vir alle Christene in Iran wat in die tronk is. Mag hulle die teenwoordigheid van die Heilige Gees aanvoel, in hoop versterk word en in die waarheid standvastig bly.

**31 Oktober**

Bid vir bekering en transformasie by Iranse amptenare, veral diegene wat intimidasie en vals beskuldigings gebruik om die Kerk en huiskerke te onderdruk.

*Die hoofingang van Iran se Evin-gevangenis.*




**Name verander weens veiligheidsredes.*

Open Doors

Open Doors Africa
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

FIND US ON:
www.opendoors.org.za

Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. Nr: 2004/023397/08 – PBO Nr: 930011129